

# Woordgroepvers<sup>1</sup>

P.S. Groenewald

Departement Afrikatale, Universiteit van Pretoria,  
Pretoria 0002, Suid-Afrika

Any metrical utterance has constituents founded in language and in metrics. The totality cannot consist metrically of less than a verse and two segments, and linguistically of less than a sentence. The principles governing metrical structure are that of partition and symmetry. The totality is thus divided into segments by (a) a word boundary marked by rhyme (in Afrikaans and English) or the repetition of a word (in Sepedi), or (b) a phrase boundary. Symmetry is realized by rhyme, quantitative/stress rhythm, an arrangement of units of meaning (only where the segments are divided by a phrase boundary), the repetition of (i) the same number of syllables and (ii) the same number of words. The Sepedi verse is a phrase verse, and that means that:

- (a) the segments are divided by a phrase boundary;
- (b) equivalence or symmetry is realized by (i) the repetition of a word or a phrase, (ii) an arrangement of units of meaning and (iii) quantitative rhythm.

'n Taaluiting in versvorm bestaan uit linguistiese en metriese eenhede. Die versgeheel bestaan uit minstens 'n sin en 'n vers en twee segmente. Die beginsels wat versvorm onderlê, is verdeling en ekwivalensie. Die geheel word deur (a) 'n woordgrens deur rym (in Afrikaans en Engels) en 'n woord (in Sepedi) gemarkeer, of (b) 'n woordgroepgrens in twee segmente verdeel. Ekwivalensie word bewerkstellig deur rym, aksent-/kwantitatiewe ritme, woord- of woordgroepherhaling, die herhaling van 'n gelyke getal lettergrepe of woorde, of die ordening van betekenseenhede (maar slegs waar 'n sintaktiese snit as verdeler optree). Die Sepedivers is 'n woordgroepvers, en dit beteken dat:

- (a) die segmente deur 'n sintaktiese snit verdeel word, en
- (b) ekwivalensie deur (i) die ordening van betekenseenhede, (ii) die herhaling van 'n woord of 'n woordgroep en (iii) die herhaling van 'n gelyke getal kwantitatiewe lettergreepkruine bepaal word.

## Versvorm

'n Versgeheel is 'n taaluiting in versvorm en het daarom 'n dubbelkarakter: dit word uit linguistiese en metriese eenhede opgebou. Die linguistiese eenhede is die foneem – segmenteel én suprasegmenteel – die lettergreep of lettergreepkruin (Jakobson & Lotz, 1952:7), die woord, die woordgroep en die sin. In hulle beskrywing van die Mordwinniese verssisteem onderskei Jakobson en Lotz (1952:7), naas die woordgroep of 'phrase' ook 'n 'phrase member' wat nie vir die doel van hierdie skrywe oorweeg word nie. Die sin is 'n selfstandige eenheid en kan die versgeheel as taaluiting volledig bevat. Die versgeheel kan egter uit meer as een sin bestaan, maar hoef nie.

Die metriese eenhede word in noodsaaklike en bykomstige eenhede verdeel. Die noodsaaklike eenhede is die segment en die vers, omdat hulle die versgeheel kan konstitueer. Die vers is ook 'n selfstandige grootheid soos die sin; die segment is afhanklik en kan nooit op sy eie funksioneer nie. (De Groot [1946:29] praat van die vers as 'n versreël, 'n term wat hier liefs vermy word, daar die skriftelike voorstelling daarvan metries nie konsekwent plaasvind nie, en dit plek-plek tot verwarring kan lei.) Die bykomstige eenhede is die strofe, die strofegroep of 'gedig' en die siklus. Dit kan ook 'n boek met hoofstukke wees soos die Bybelboek, Job, of die Finse volksepos, die Kalevala. Soos die vers kan ook hulle die versgeheel uitmaak, maar dan slegs per geleentheid.

Die versgeheel op sy eenvoudigste kom in menige geval as 'n spreekwoord voor. Linguisties bestaan dit dan uit 'n sin, en metries uit 'n vers wat in minstens twee segmente verdeel is, soos byvoorbeeld, *Lehu re hwile la pitšana* (1), *la segwana le a rokwa* (2) 'Ons sterf soos die kleipotjie; die kalbassie kan heergemaak word'. Sodanige voorbeelde stel die ondersoeker in staat om versvorm op sy suiwerste te beskryf, daar slegs die allernoodsaaklikste kriteria daarvan in aanmerking kom. 'n Beskrywing soos dié bepaal dan die onderbou van die geheel, wat belangrik raak

sodra die geheel in enige van die bykomstige metriese eenhede opgevang word. De Groot (1946:46) noem hierdie onderbou die tema, en verduidelik:

Het tema is in zekere zin een ideale vorm van versregel, waar naar in elke afsonderlijke versregel gestreeft word.

Daarom, sê hy, is elke vers/‘versregel’ ’n variant van die tema.

### Verdeling en ekwivalensie

Versvorm word deur die beginsels van verdeling en ekwivalensie bepaal. Die versgeheel, soos in *Ditšhila ga di bolaye, go bolaya mpholo* ‘Wat nie doodmaak nie, maak vet’, word deur ’n sintaktiese snit na *bolaye* in twee segmente verdeel. In voorbeelde soos *Haastige hond verbrand sy mond* en *Moletangwedi o leta leswiswi* ‘Hy wat wag op die maanskyn, wag op die donker’, is die verdelingspunt ’n woordgrens binne die geheel, en dié word deur rym (in Afrikaans) of die herhaling van ’n woord of woorddeel (in Sepedi) aangedui.

### Verdeling

Die verdelingspunt verdeel of skei. Dis nie ’n finale grens nie, en sluit die taaluiting dus nie af nie. En omdat hy nie afsluit nie, laat hy ruimte vir die voortsetting van die mededeling, en bind hy ook. Hy projekteer dus. Daarom stem die verdelingspunt die segmente op mekaar in sodat hulle as ’t ware teen mekaar aanleun. Hy bewerk deur sy korrelasie met die afsluitingspunt na *mpholo*, *mond* en *leswiswi* die hiërargie tussen onderdeel en geheel – tussen segment en vers. De Groot (1962:327–8) praat hiervan as dominansie. Hieronder verstaan hy ‘een meer of minder scherp begrensde deel van een gestalte of een gestaltachtige auditiewe reeks, dat in de waarneming prevaleert over de andere delen in de zin dat het meer de aandacht trekt, dat de andere delen als structureel er aan ondergeschikt gewaardeerd worden, en dat in een eenheid met groeps karakter als centraal moment van de groep wordt gewaardeerd’.

### Ekwivalensie

Die beginsel van ekwivalensie of korrespondensie bring die segmente in ’n ewewig wat bewerk word deur die herhaling van:

- klanke of klankreekse (segmentele foneme), d.w.s. rym;
- ’n gelyke getal heffinge (aksent of lengte);
- ’n gelyke lettergreepstal (lettergreepkruine);
- woorddele, woorde, woordgroepe, en/of
- inhoudelik verwante eenhede (maar dan slegs waar die segmente deur ’n duidelike sintaktiese snit verdeel word).

Die ewewig tussen die segmente van die spreekwoord nl., *Ditšhila ga di bolaye, go bolaya mpholo*, kom tot stand deur:

- (a) die herhaling van die werkwoordstam (*bolaya/bolaye*), en
- (b) die twee heffinge per segment (die lengtefoneem in *ditšhila/boláye* en *boláya/mphólo*).

In die Afrikaanse voorbeeld, *Haastige hond verbrand sy mond*, word die korrespondensie tussen die segmente deur

- (a) rym (*hond/mond*) en
- (b) die twee heffinge per segment (*haástige hónnd* en *verbránd sy mónnd*) bepaal.

Rym neem hier die funksie van sowel die verdeler as die bewerker van ekwivalensie oor, en is in dié opsig dus merkwaardig. Kayser (1946:82) verwoord dit soos volg:

Der Reim bindet ja nicht nur, er sondert auch; indem er nach sich eine Pause verlangt, macht er das Ende der Zeile ohrenfähig, stärkt er die Einheit der Zeile und schafft, durch die Erwartung eines Reimwortes in einer kommenden, höhere Einheiten.

Daarom stel De Groot (1962:339) dit pertinent dat verse sonder rym nie net 'n belangrike korrespondensiefaktor mis nie, maar ook 'n belangrike 'dominantie-factor'.

Rym is nie eie aan die Sepedivers nie, en kom later derhalwe weer onder bespreking.

## Verssoorte

Die vers in Sepedi is 'n woordgroevers, in Afrikaans is dit 'n heffingsvers, in Frans 'n lettergreepvers en in Sjinees en argaïese Latyn 'n woordvers. Hierdie vier rubrieke vir die indeling van die verssoorte word betreklik volledig deur De Groot (1946:8–34) toegelig. Dis kennelik 'n indeling wat hy na aanleiding van die korrespondensiemiddele maak wat in die besondere tale oorwegend aangewend word om versvorm te definieer.

In die *woordgroevers* bestaan die vers uit twee of meer ekwivalente segmente wat in lengte, sinsbou en inhoud min of meer ooreenstem. Vergelyk in dié verband wat Damane en Sanders (1974:52) ten opsigte van die Sothovers bevind het, naamlik dat die versreëls (lees: segmente) 'units of meaning' is, en 'most of them are of roughly the same length'. Die volgende is voorbeelde in Sepedi:

**Lengte:** Agt tot nege lettergrepe per segment

*Moyamahlong a tau, o ya a swere serumula* (2 segmente)  
'Hy wat na die oë van 'n leeu gaan, dra 'n fakkel'

**Sinsbou:** Onderwerp en gesegde.  
*Lentsu ga le kobe, go koba monwana* (2 segmente)  
''n Woord kan nie ombuig nie, 'n vinger kan'

**Inhoud:** (Fela, 1961:26)  
*Sello sa ngwana sa tlala motse:*  
*Sa tlala motse wa gaMokutu;*  
*Sa tsena ka dintlong le ge di wele;*  
*Sa phatlalala le malapa a phušogile*  
*Sa tlola merakwana le magora' motse*  
*Sa fofo ka godimo ga dithitikwane ka moka*  
*Sa namela thaba ya gaMokutu godimo;* (7 segmente)  
*Le dipela di orela mahlane*  
*Godimodimo tlapeng la dipela.* (2 segmente)  
'Die gehuil van die kind vul die stat;  
Dit vul die stat van Mokutu;  
Dit gaan die omgevalle huise binne;  
Dit versprei oor die verwoeste werwe;  
Dit spring oor die muurtjie van die stat se heining;  
Dit vlieg oor al die heilige plekke;  
Dit styg op na bo in die Mokutuberg;  
Ook die dassies geniet die son se strale,  
Heel bo op die dassieklip.'

In die *heffingsvers* word die korrespondensie deur die gelyke getal heffinge in die opeenvolgende eenhede bepaal:

*'n Vróu het dan sóms onrustig rónðgeskúif*  
*op haar mátte, swaar van droóm, en úit die stíl*  
*úit skiélik hélder úitgeíl*  
*van wéllus en van skrík, en daarná in hálwe waák*

*geweét dát die groót diér náak  
en rústeloos búite in die dónker wás (5 heffinge per segment)  
(Van Wyk Louw, 1981:99)*

In die *lettergreepvers* is die eenhede in lettergreepstal ekwivalent. Volgens die Franse prosodie het elke eenheid in die onderstaande gedig van Verlaine ses lettergrepe (De Groot, 1946:10):

*Il pleure dans mon coeur,  
Comme il pleut sur la ville.  
Quelle est cette langueur  
Que pénètre mon coeur?  
'Dit reën in my hart  
Soos dit reën op die dorpie  
Wat my hart binnedring  
Wat is hierdie loomheid?'*

In die *woordvers*, soos in die voorbeeld uit die argaïese Latynse verseskate, bestaan elke eenheid of segment uit drie woorde, benewens rym en die reëlmaat ten opsigte van die lettergrepe (De Groot, 1946:12):

*Ego tui menimi.  
Medere meis pedibus,  
Terra pestem teneto,  
Salus nic maneto,  
In meis pedibus.  
'Ek gedenk u.  
Genees my voete  
Laat die aarde die siekte vashou;  
Laat die gesondheid hier bly,  
In my voete.'*

De Groot (1946:14) wys daarop dat die werklikheid bonter geskakeer is as wat die uiteensetting hier weergee. 'De bontheid', sê hy, 'ligt voor een deel daarin dat vele gedichten eigenaardigheden van twee of misschien zelfs meer dan twee dergenoemde rubrieke vertonen'. In Sepedi kan *Phága ga e éte, go éta nakédi* 'Die wildekat loop nie rond nie, die rondloper is die muishond', as 'n voorbeeld hiervan voorgelê word. Eerstens, is dit 'n egte woordgroeppers volgens die beskrywing wat so ewe daarvan gegee is. Tweedens, word elke segment deur twee heffinge (soos 'n heffingsvers) en ses lettergrepe (soos 'n lettergreepvers) gekenmerk. Maar, voeg De Groot (1946:33) by, 'dat wanneer meer dan een principe gelijktijdig wordt gebruikt, toch altijd één van deze het primaire, fundamentele is'.

## Woordgroeppers in Sepedi

### Verdeling

Die verdelingspunt in die Sepedivers is (a) 'n woordgroeppers wat deur 'n sintaktiese snit aangedui word, of (b) 'n woordgrens wat binne die versgeheel met die herhaling van 'n woord(deel) – rym in Afrikaans soos in die voorbeeld wat hoër op aangehaal is – saamval. Die primêre verdelingsstrategie is klaarblyklik tog die sintaktiese snit wat woordgroeppers in segmente uitmeet, daar (a) dit binne die tradisie van die gesproke woordkuns waar deklamasie, soos in die geval van die prysdigvoordrag, voorkeursstatus geniet, statisties die oorwegende manier van segmentverdeling is, en (b) die woordgrens sy posisie as verdeler geredelik verloor sodra die eerste segment uitgebrei word – wat daarop dui dat die sintaktiese snit (resp. woordgroeppers) as verdeler domineer. Boonop dien die woordgrens in Sepedi slegs as verdeler waar die eerste segment 'n enkele woord (weliswaar 'n saamgestelde selfstandige naamwoord) is, soos in:

*Mobjalaphfo o buna tshasedi*  
 ‘Hy wat die wind saai, oes ’n dwarrel.’

Word die eerste segment in spreekwoorde met ’n soortgelyke grammatiese samestelling, deur ’n nadere omskrywing van die (saamgestelde) selfstandige naamwoord uitgebrei, verskuif die verdelingspunt van die woordgrens na die woordgroeppgrens wat metries domineer, byvoorbeeld:

*Mokgathatšhemo ya lehwiti, o kgatha a holofetše.*  
 ‘Hy wat ’n nuwe land braak, braak dit met hoop vervul.’

## Ekwivalensie

In die spreekwoord, *Motsomi o kganyela mongwe, o bona madi selepeng* ‘Die jagter haas hom na die een aan wie se byl hy bloed sien’, word ekwivalensie bepaal deur:

- die woordgroepe (of Damane en Sanders [1974:52] se ‘units of meaning’), *motsomi o kganyela mongwe* en *o bona madi selepeng*, wat deur die verdeler – ’n sintaktiese snit – op mekaar aangewys word;
- die drie heffinge (deur die lengtefoneem gerealiseer) per segment; *motsómi o kganyéla mǒngwe* en *o bóna mádi selepéng*; en
- die lettergreetal van nege/agt in die onderskeie segmente: *mo-tso-mi + kga-nye-la + mo-ngwe* en *o + bo-na + ma-di + se-le-pe-ng*.

Van hierdie drie korrespondensiestrategieë kan dié van ’n gelyke lettergreetal sonder meer as sekondêr verklaar word. In die langer Sepediwerke, veral die prysdigte, kan daar kwalik van lettergreetal gepraat word. Die gelyke lettergreetal as definieringsprinsipe het volgens Grammont (1960:7) ook ten opsigte van die Franse aleksandryn (by uitnemendheid die voorbeeld van die lettergreetal) sy beperking, daar sowel die sesuur as die verdelingspunt sintakties verpligtend is. Van die jonger digters in Sepedi, te wete Machaka en Mashala, het weliswaar gedigte geskryf wat op die oog af lettergreetal kan wees. By nadere beskouing word dit duidelik dat die gelyke lettergreetal per segment nie die primêre of fundamentele definieringsprinsipe is nie; daarvoor korrespondeer die segmente ook op grond van ’n gelyke heffingstal per eenheid.

Waar sowel ’n gelyke heffingstal per segment as verwante betekenismomente aangewend word om ekwivalensie te bewerkstellig, domineer laasgenoemde in die tradisionele prysdig, daar die gebruik van eersgenoemde meestal in die langer werke nie gehandhaaf word nie. Dat die gelyke heffingstal per eenheid ’n belangrike definieringsprinsipe van die woordgreetal is, word hiermee nie ontken nie. Damane en Sanders (1974:52) merk juis in hulle bespreking van die Sothoprysdig op dat die ‘reëls’ min of meer dieselfde lengte het, en dat hulle uit ‘either three or four stressed syllables’ bestaan. Lestrade (1935:4-5) het reeds in 1935 op die rol van heffinge of ‘nodes’, soos hy dit noem, gewys. Die voorbeeld wat hy aanhaal, is ’n prysdig op Mošwešwe, en die heffinge (‘nodes’) dui hy deur die akuutaksentteken aan:

*Ngwána / Mmamokhathsáne, / Thesele,*  
*Thesele / pháru / e teléle / teléle*  
*˘Kgómo / di kéne / ka yóna / ba sa íle.*  
*Hlabísi / ya Bakwéna.*  
*Ák’o / hlabíse / nkhóno / ’áo.*  
*Ák’o / hlabíse / Mmasetenáne / ak’a rwále.*  
*Á re / ke mehléhlo / ya dikómo / le ya bátho.*  
 ‘Kind van Mmamokhathsane (Mmamokgatjhane), Thesele,  
 Thesele die diep spleet,  
 Vee gaan op pad daarheen in,  
 Ook mense gaan daarheen in,  
 Jy wat die Bakwena van slagbeeste voorsien,

Gee tog aan jou tante ook slagbeeste,  
 Gee tog aan Mmasetenane slagbeeste dat sy die vleis kan wegdra,  
 Dat sy kan sê, dit is vol mae van beeste en van mense.'

Ook hier word die eenhede sintakties sterk verdeel – 'n geleding wat eie aan die woordgroepvers is. Dit is daarom moeilik om sonder meer van 'n heffingsvers te praat, veral as na die vroeëre aanhaling van die *Raka* fragment deur Van Wyk Louw gekyk word. Hier twyfel die ondersoeker nie dat hy met 'n (egte) heffingsvers te doen het waar rym as verdeler optree nie. Die sintaktiese snitte na *matte*, *droom* en *skrik* binne die eenhede is daarom metries neutraal. Dit gebeur nog nie in die Sepedivers (veral die prysdig) nie, terwyl die segmente nog hoofsaaklik ekwivalente 'betekeniseenhede' is, terwyl die enerse heffingstal om korrespondensie te bewerk nie konsekwent voorkom nie, en eerder as bykomende definiëringsprinsipe beskryf kan word. Die moderne Sepedivers mag dalk 'n ander prentjie voorhou.

Een van die doeltreffendste strategieë om die ewewig tussen die segmente te vestig, is die herhaling van 'n woord(deel) of van 'n groep woorde. Hierdie eenhede het immers 'n semantiese heenwysing wat hulle uiters geskik maak om ekwivalensie te bewerk. Die Sepediversleer onderskei tussen *gebonde* en *ongebonde* herhaling. Die gebonde vorm is aan 'n bepaalde skema gebind wat die plek van die herhalings-element binne die segmente voorskryf. Daar word hierna as vorme van parallelisme verwys. Vergelyk die onderstaande voorbeelde:

- (a) Die skema van ab/bc/cd/de:  
*Bonang masogana.*  
*Masogana a marumo,*  
*Marumo a mošate,*  
*Mošate a gaTšhwene.*  
 (Franz, 1949:2)  
 'Kyk na die jongmanne,  
 Die jongmanne met die assegaie,  
 Die assegaie van die hoofstat,  
 Die hoofstat van Tšhwene.'
- (b) Die skema van ab/ca:  
*Ka bonwa ke ba gaMasenya,*  
*Ba gaTšhokwe ga ba mpone.*  
 (Ramaila, s.j.:110)  
 'Ek word deur Masenya-hulle gesien,  
 Maar Tšhokwe-hulle sien my nie.'
- (c) Die skema van ab/ac:  
*Motšhabapula o tšhaba modumo.*  
 'Hy wat bang is vir die reën, vrees die gedreun.'
- (d) Die skema van ab/ba, ook chiasmus genoem:  
*Lehufa le apeilwe le leswika,*  
*Leswika la butšwa, lehufa la šala.*  
 'Jaloesie is saam met 'n klip gekook,  
 Die klip het gaar geword, jaloesie nie.'

Die gebonde vorm van herhaling herinner sterk aan rym, daar ook die rymwoord binne die segmente volgens 'n bepaalde (rym)skema gerangskik word. Rym was voor die koms van die sendelinge vreemd aan Sepedi. Die eks-

periment met rym wat deur die sendelinge geïnspireer is, was nie 'n sukses nie, en digters, waaronder Matsepe, het later in die gedigte die rymelement deur 'n woord(deel) begin vervang.

Die ongebonde herhaling skryf nie voor waar die herhalingssegment binne die segmente geplaas moet word nie, ook nie dat dit in elk van die opeenvolgende eenhede of segmente moet voorkom nie. Kunene (1971:68-101) bespreek hierdie vorm van herhaling volledig onder die hoof van 'a linear approach'. 'n Enkele voorbeeld in Sepedi lig die Kunenebenadering toe:

<i>Ba re ruta <b>ngaka</b> dithebele -</i>	-		a	-
<i>Ge e le go <b>jela</b> ke ga bongaka?</i>	-	b	-	a
<i>Thagaletswalo, ngwana' pele ke thaka ya rragwe,</i>			-	c
<i>Ge e le dipitša ke yena a fagago tše di belago,</i>				
<i>Gwa se be bjalo o tla ja maganogano a thaka <b>tša gagwe!</b></i>	-	b	-	c

(Matsepe, 1969:2)

'Sê hulle nie, leer die toordokter die gebruik van die toorsakkie,  
Opeet en kul is immers die kuns van die towenaar?  
Eersgeborene, onthou, die eerste kind is vader se maat,  
Vir die ete is dit hy wat die kokende pot moet roer,  
Dis sy taak, anders kry hy van sy maats die oorskiet te eet!'

Waar die segmente vir ekwivalensiedoeleindes ook na hulle inhoud op mekaar ingestem word, gebeur dit dat die woord(dele) of woordgroepe in die onderskeie eenhede sinonieme of antonieme kan wees, soos byvoorbeeld:

Sinonieme: *Kgaka ya **hwa**, mae a **bola**.*

'Sou die tarrentaal vrek, vrot die eiers.'

Antonieme: ***Lepotlapotla** le ja pudi, **modikologa** o ja namane ya kgomo.*

'Hoe meer haas, hoe minder spoed.'

Omdat die herhalingssegment semanties gelaai is, spreek dit vanself dat die segmente in een of ander betekenisverhouding teenoor mekaar opgestel staan. In die *Encyclopedia of Bible facts* (Water, 2004:652-653) word dié gevalle behandel, en word die Bybeltekste in versvorm wat as voorbeelde voorgehou word, ook as vorme van parallelisme beskryf. Daar word vier vorme onderskei, en word hier aan die hand van voorbeelde in Sepedi toegelig:

In voorbeelde van **sinonieme** parallelisme word dieselfde gedagte in bykans dieselfde woorde herhaal:

*Polelo ya pelo seimelaleleme,  
Polelo ya pelo setsebja ke mong 'a pelo,  
Se tsebja ke mong a pelo le badimo ba yona.*  
(Fela, 1961:30)

'Die taal van die hart is te swaar vir die tong,  
Die taal van die hart is bekend aan sy eienaar.  
Is bekend aan sy eienaar en sy voorvaders.'

Die tweede vorm word **teenstellende** parallelisme genoem, omdat dieselfde gedagte in die onderskeie segmente teenoor mekaar gestel staan:

*Madiba a fetana ka tlase, dithaba di fetana ka godimo.*  
'Die kuile oortref mekaar in diepte en die berge in hoogte.'

In die **saamgestelde** parallelisme word die gedagte wat in die eerste segment saamgevat is, in die daaropvolgende segment(e) uitgebrei en deur 'n parallele voorstelling verryk:

*Ngwedi o tšwele ka dinoka marung,  
O kganya serunanta sa botšhwene.  
Ka letago wa apeša kgole le kgauswi,  
Wa apeša le motse wa gaMokutu kobo,  
Letata le lesehlana, ere matlalo a mebutla.*  
(Fela, 1961:6)

‘Die maan stoot sy heup deur die wolke,  
En skyn vir die bobbejane tot ’n luisjag.  
In heerlikheid klee hy ver en naby,  
Klee hy die Mokutustat met ’n kleed,  
’n Vaal karos van haasvelletjies.’

Die laaste vorm is die **sinnebeeldige** parallelisme waar ’n idee in ’n figuurlike of simboliese wyse herhaal word om die hoofgedagte tuis te bring. Die Sepedivoorbeeld is ’n uitgebreide metafoor waar die dringende moederinstinkte by *MmaMorati* beklemtoon word deur dit te vergelyk met dié van ’n koei wat op pad is kraal toe waar haar kalf op haar wag:

*A tšama a realo gantši MmaMorati;  
A tšama a kgopelela monna yola maatla.  
A kgopela gore ba bule leswika,  
Sello sa ngwana se mo tsene pelong;  
Bjaka kgomo e tšwa phulong e garihla,  
Go lla tlhako mmileng e rwele dinaka,  
Mokaka o šiiša, matswele a rothiša lebese,  
E bokolela fase e gopotše namane ’a yona.*  
(Fela, 1961:22)

‘Dis wat *MmaMorati* aanhou sê,  
En aanhou om daardie man toe te bid,  
En vra dat hulle die klip moet kom verwyder  
Want die gehuil van die kindjie ontstel haar;  
Soos ’n koei doelgerig van die weiveld af hardloop,  
Haar hoeve klap en haar horings swaai,  
Haar uier brand en haar spene drup melk,  
Sy saggies bulk as sy aan haar kalfie dink.’

Die beskrywing wat Cope (1968:50-63) van die ontwikkeling van die ‘prysdigstrofe’ in Zulu gee, het hier betrekking, daar ook dit die verhouding raakvat. Dieselfde skema kom in die onderstaande Sepediprysdig voor:

Stelling: *Ngwana’ selepe gomela mere o remile,*  
Uitbreiding: *O se tla’ ba wa rema le mehwelešana thabeng,*  
Ontwikkeling: *Wa rema le mehweletershipi,*  
Slotsom: *Wa se kukubatša malootšo.*  
(Ramaila, s.j.:36)  
‘Kind met die byl, los die uitkap van bome,  
Dat jy nie dink jy die basterrooibosboompies uitkap nie,  
En dan die rooibos in die berg uitkap,  
En jou byl stomp maak.’

## Rymvers in Sepedi

Die eerste rymverse in Sepedi is kerkliedere wat vir kersteningsdoeleindes geskryf is. Die skrywers hiervan was nie bewus van die linguistiese beperkinge waaraan rym in dié taal onderhewig is nie, en het na aanleiding van die Europese kerkliedtradisie die liedere metries dienooreenkomstig ingeklee. Enkele digters het dié praktyk op die proef gestel – ook *Matsepe* in wie se werke die rymeksperiment ’n merkbare wending begin inslaan het. Hy



vervang die rymwoord plek-plek deur 'n woord(deel) of woordgroep om sodoende die beperking wat rym op hom lê te ontsnap.

Rym is 'n vorm van herhaling. Dit verskil van woord- en woordgroepherhaling deurdat klanke of klankreekse sonder meer hiervoor gebruik word. Sou so 'n klankreeks 'n semantiese implikasie inhou, met ander woorde, sou dit, byvoorbeeld, 'n morfeem wees, word daar nie van egte rym gepraat nie. Daar was in die geskiedenis van die Franse rymvers (Grammont, 1964 en Lote, 1951, Vol. 2:148–9) 'n periode dat morfeemrym aanvaar was. Lote noem dit 'rime grammaticale', maar wys daarop dat dit sedertdien in onbruik geraak het. In Sepedi kom rym hoofsaaklik as morfeemrym voor.

Rym, soos ook in die geval van assonans en alliterasie, vra dat die klanke wat hiervoor in aanmerking kom, semanties/grammaties leeg moet wees. Die betekenis, gevoel of atmosfeer wat dit moet oproep, moet 'n emosionele gewaarwording wees; dit moet nie uitgespel word nie. In Sepedi lê linguistiese oorweginge 'n beperking op die aanwending van rym. Die volgende is hier ter sake:

- Sepedi het 'n sewevokaalsisteem. Dit op sigself beïnvloed variasie ten opsigte van klank/geluid wat in die geval van rym van kardinale belang is. Die probleem word vererger deurdat die frekwensie in die voorkoms van dié vokale skerp verskil, en die variasiefaktor sodoende dramaties beïnvloed. So, byvoorbeeld, lê die [a] en die [u] op die uiterste punte van die klankspektrum, en staan hulle in 'n verhouding van min of meer een tot tien.
- Die oop lettergreepstruktuur van Sepedi begunstig vroulike rym. Die fluistering van die slotvokaal van woorde, maak dit daarom wenslik dat die rymsegment liefers oor meer as een lettergreep versprei moet wees. Hoewel sodanige voorbeelde voorkom, gebeur dit uiters selde dat dit na KVKV uitgebrei word.
- Die toonpatroon van die onderskeie rymsegmente verskil soms, en het 'n negatiewe invloed op die doeltreffendheid van rym.
- Morfeemrym kom uiteraard dikwels voor omdat werkwoorde, afgesien van uitgange, ook soos naamwoorde deur agtervoegsels uitgebrei kan word.

Die probleem rakende rym word vervolgens deur 'n samevatting van die rymsegmente in die Matsepesonnet (1968:37), *Khunkhwanyane*, (wat aan die einde van die artikel as bylaag aangegee word), toegelig:

Rymsegment	Rymskema	Sleutel
<i>bjá kà</i>	a	a : egte rym (2 lettergrepe: VKV)
<i>beelwa</i>	b	b : herhaling van 'n werkwoordstam
<i>anega</i>	c	c : herhaling van 'n werkwoordstam
<i>anega</i>	c	d : (egte) rym t.o.v. <i>tà</i> (KV) + fluistering
<i>beelwa</i>	b	e : werkwoordherhaling
<i>dithákà</i>	a	f : (egte) rym t.o.v. <i>ò</i> (V) + fluistering
<i>kàtàkàtà</i>	d	g : woordgroepherhaling
<i>ka se wele</i>	e	
<i>fáò</i>	f	
<i>lèfàò</i>	f	
<i>wa se wele</i>	e	
<i>thátà</i>	d	
<i>ka mokgwa wo</i>	g	
<i>ka mokgwa wo</i>	g	

#### Opsommend

- 1 geval van egte rym: (a)
- 2 gevalle van twyfelagtige rym: (d) en (f)
- 4 uit 7 gevalle is voorbeelde van werkwoord- of woordgroepherhaling: (b), (c), (e) en (g).

## Rym as segmentverdelers: Heffingsvers in Sepedi

In die heffingsvers waarvan die hoër op aangehaalde fragment uit Van Wyk Louw se *Raka* 'n voorbeeld is, gebruik die digter rym as segmentverdelers en vyf heffings om korrespondensie te bewerk. In Sepedi word rym hoofsaaklik as middel tot ekwivalensie aangewend. Die segmentverdelers is 'n sintaktiese snit.

(E.K.K.) Matlala is die eerste digter wat rym as verdelers gebruik. Soos Matsepe, skryf ook hy Shakespeareaanse sonnette. In die elegiese gedig, *Sepela botse Phiri 'a Mmankala* (s.j.:15), bestaan die segmente uit vier tot vyf heffings. As rymelement gebruik hy 'n woord, oogrym (lá : là, tšê: tše) en (egte) rym (V, KV, VKV) waarvan die toepaslikheid in minstens twee gevalle as twyfelagtig beskryf kan word. Die eksperiment het versmatig nie heeltemal geslaag nie, omdat:

- die rymwoord, soos hierbo uiteengesit, die verdeling van die segmente nie oortuigend deurlaat nie, en
- diep sintaktiese snitte die ewewig of simmetrie van die eenhede versteur deurdat hulle binne segmente misplaas is. Sodanige snitte kom in, onder andere, die onderstaande voorbeeld na *bophelo*, *fele* en *moya* voor:

*Re tsena makgotleng a bophelo, mamene*  
*A fele. Tšhela bašiiwa ka kgalalelo*  
*Ya moya, ba nne ba go gopole ka go se na bofelo.*  
 'Ons gaan die raadsale van die lewe binne, dan hou die probleme  
 Op. Giet oor die agterblywendes die hunkeringe na  
 Die gees, dat hulle jou vir ewig kan onthou.'

Die snit na *bophelo*, maar veral die sinseinde na *fele*, bevraagteken die doeltreffendheid van die rymwoord, *mamene*, as verdelers. *Mamene* word nie in 'n uitgebreide woordgroep opgeneem om hom teen die skerpte van die sintaktiese snitte weerskante te verskans nie; daarvoor lê die snitte te na aan die einde van die een en te na aan die begin van die volgende 'verssegment', en versteur die hiërargie tussen die segment en die geheel, en die dominansie waarvan De Groot praat, kom in gedrang.

- In enkele gevalle dring die geleiding van die woordgroepe (of die tema volgens De Groot) sterk na vore, en suggereer die skematiseringstrategie van dié verssoort. So, byvoorbeeld, kan:

*Sepela botse Mokone a Matlala, sepela*  
*Botse 'Mankala a Bokone....*

gerieflik aangepas word tot:

*Sepela botse Mokone a Matlala,*  
*Sepela botse 'Mankala a Bokone*

Matlala was ewenwel 'n gebore en getoë pryslieddigter, en dit skemer in al sy werk deur. Selfs die drie 'reëls' wat hoër op bespreek is, kan versmatig soos volg herskryf word:

*Re tsena makgotleng a bophelo,*  
*Mamene a fele*  
*Tšhela bašiiwa ka kgalalelo ya moya,*  
*Ba nne ba go gopole ka go se na bofelo.*

Reeds in sy versdrama, *Tšhukudu*, het Matlala (1958) met die skryf van die heffingsvers geëksperimenteer, 'n voorneme wat deur sy gulde gebruik van die enjambement bevestig word. Met die oog op simmetrie meet hy die segmente in drie heffings uit, maar bly in gebreke om hulle te markeer. Dié noodsaaklike funksie laat hy waarskynlik aan die voordrag oor – 'n praktyk wat buite die gesagsgebied van die versleer val (De Groot, 1946:56–68). Dit doen egter geen afbreuk aan die literêre verdienste van die drama nie.

## Versleer: Slotopmerking

Die versleer is 'n outonome dissipline. Die objek van sy ondersoek is die taaluiting in versvorm, ongeag of dit 'n literêre werk is. Dis nie sy taak om die estetiese hoedanighede van 'n gedig te beskryf nie; dit lê buite sy studierein. In 1962 wyk De Groot van sy vroeëre standpunt af waar hy dit beklemtoon het dat die versleer hom besig hou met vrae soos 'hoe zijn verzen en waarom zijn verzen só en niet anders?' (1946:5). Ook Grammont (1960:1) wil anders as wat hy hom in sy *Petit traité de versification française* (1961) voorgeneem het, die estetiese in die vers nie nalaat nie, en sy nuwe gesigspunt sterk hy nou deur Victor Hugo aan te haal waar hy sê: 'il faut absolument, pour qu'il dit parfum' ('n Bietjie parfuum is absoluut noodsaaklik).

Die versleer hanteer daarom nie begrippe soos styl en ritme nie. Hy stel wel in die ritmekruine of 'the syllabic crests' van Jakobson en Lotz (1952:7) belang, maar in niks meer nie. Ritme is deel van die 'parfum' waarvan Victor Hugo gepraat het. Dit hoort by die literatuurstudie tuis. Deur die ritmekruine aan te dui, tree die versleer bloot as 'n handperd vir die literatuurstudie op, soos wanneer hy op sy beurt by die taalstudie vir hulp aanklop as hy oor rym en die heffingsvers in Sepedi 'n gedagte uitspreek.

## Summary: Word group verse

The analysis of a metrical system requires the exact determination of all the constituents and their mutual relations underlying any meter of this system; the analysis must fully and unequivocally bring out which meters can and do exist and which cannot occur in the given system (Jakobson & Lotz, 1952:5).

Any metrical utterance has the following constituents: segmental and suprasegmental phoneme, syllable, word, phrase and sentence which are founded in language, i.e. they also do exist outside the totality of meter, and segment, verse, 'group of verses', stanza, cycle, etc. which arise only through the totality of meter. The sentence is an independent constituent – it can embody the totality. The verse and the segment are fundamental constituents, because the totality cannot consist metrically of less than a verse and two segments.

The principles governing metrical structure are those of partition and symmetry. The totality (being a sentence as well as a verse) is divided into segments by (a) a word boundary marked by rhyme (in Afrikaans and English) or the repetition of a word (in Sepedi), or (b) a phrase boundary. Symmetry is realized by rhyme, an arrangement of units of meaning (only where the segments are divided by a syntactic boundary), quantitative stress rhythm, the repetition of a word or a phrase, the repetition of the same number of words or syllables. De Groot (1946) distinguishes four categories of verse: (a) rhythmical verse (Afrikaans and English), (b) isosyllabic verse (French), (c) word verse (Chinese and Archaic Latin) and (d) phrase verse (Sepedi).

Symmetry as in the rhythmical verse is realized by the same number of rhythmical crests/feet in the segments; in the isosyllabic verse by the same number of syllables in the segments; in the word verse by the same number of words in the segments, and in the phrase verse by the same length of the segments and a semantic relation between the segments.

De Groot reminds us that the above mentioned categories of verse do have exceptions to the rule, but, says he, there will always be a dominant principle.

The verse in Sepedi is a phrase verse, and that means (a) that the segments are divided by a syntactic boundary, and (b) that equivalence is realized by (i) the repetition of words and phrases (the linear approach of Kunene, 1971), (ii) parallelism and (iii) an arrangement of quantitative 'rhythm' (see Damane & Sanders, 1974, as well as Les-trade, 1935). Parallelism falls into two categories: (a) the arrangement of words and phrases according to a definite scheme, such as ab/bc, ab/ac or ab/ba (chiasmus), and (b) a correlation in meaning that coordinates the segments. In the *Encyclopedia of Bible facts* (Water, 2004) the following ways of coordinating the segments are discussed:

*Synonymous parallelism:* This is where the same idea is repeated in the same words/in different words. The same idea is sometimes expressed in three successive clauses.

*Antithetic parallelism:* This is where the poet expresses an idea in one line/segment and in the next line/segment the opposite idea.

*Compound parallelism:* This parallelism is also called synthetic parallelism as the thought in the sentence is developed or enriched by the parallel thought.

*Emblemic parallelism:* This is where the idea is repeated in a figurative or symbolic way.

Cope (1968) describes the development of the stanza in Zulu praise poems which is also a way of coordinating the segments. The first segment is a *statement*; the second is an *extension*; the third is a *development* of the second segment, and the fourth is the *conclusion*.

The missionaries introduced rhyme in Sepedi, but it was never successfully applied due to linguistic restrictions.

## Note

1. Extended English summary is provided at the end of the article.

## Bylaag: Todi ya dinose (Matsepe, 1968)

### 33. Khukhwanyane

*Bohlale bja gago bo tlaetša bja ka  
 Ge o swanetše go tseba ge mpa e beelwa,  
 O rutilwe ke mang ke tšame ke mo anega?  
 Ka letšatši bja ka ke a bo anega  
 Ge ke re sa pitsi ke se ka mpeng anthe go beelwa  
 Ke go tla go konketša mpa ya dithaka.  
 Ka ge ka sa morago o katakata –  
 Ka mo gobe o tsebe kang go ka se wele?  
 Bohlale bja gago bo tlaetša bja ka gona fao.  
 Modimo ka ge A sa lahle ngwana wa Gagwe lefao.  
 O tla go agela ka mo gobe wa se wele,  
 Šala gabotse, ke tšere botsebelo thata.  
 Ka hlogwaneng e nnyane ka mokgwa wo –  
 Anthe O tsentše kgopolo e kgolo ka mokgwa wo?*

## Verwysings

- Cope, T. 1968 *Izibongo Zulu praise poems*. Oxford: Clarendon Press.
- Damane, M. & Sanders, P.B. 1974. *Lithoko Sotho praise-poems*. Oxford: Clarendon Press.
- De Groot, A.W. 1946. *Algemene versleer*. Den Haag: N.V. Servire.
- De Groot, A.W. 1962. *Inleiding tot de algemene taalwetenschap*. Groningen: J.B. Wolters.
- Fela, N. Matome. 1961. *Sebilwane*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Franz, G.H. 1949. *Maaberone*. Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth: Nasionale Pers.
- Grammont, Maurice. 1960. *Le vers française*. Paris: Librairie Delagrave.
- Grammont, Maurice. 1964. *Petit traité de versification française*. Paris: Librairie Armand Colin.
- Jakobson, R. & Lotz, J. 1952. Axioms of a versification system, exemplified by the Mordvinian folksong. (Summary of a lecture delivered at the Hungarian Institute, Stockholm, 1941). *Linguistica I*, Stockholm.
- Kayser, Wolfgang. 1946. *Kleine deutsche Versschule*. Bern, München: Francke Verlag.
- Kunene, D.P. 1971. *Heroic poetry of the Basotho*. Oxford: Clarendon Press.
- Lestrade, G.P. 1935. Bantu praise-poems, *The Critic 4*, South Africa:1–10.
- Lote, Georges. 1951. *Histoire du vers française*, Vol 2. Paris: Editions Boivin.
- Louw, N.P. van Wyk. 1981. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg/Human en Rousseau.
- Matlala, E.K.K. s.j. *Manose*. Johannesburg, King Williamstown: Afrikaanse Pers.
- Matlala, E.K.K. 1958. *Tšhukudu*. Pietersburg: Mandate Investments.
- Matsepe, O.K. 1968. *Todi ya dinose*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Matsepe, O.K. 1969. *Megokgo ya bjoko*. Johannesburg: Bona Pers.
- Ramaila, E.M. s.j. *Seriti sa Thabantsho*. Johannesburg, Kaapstad: Afrikaanse Pers.
- Water, M. (red.) 2004. *Encyclopedia of Bible facts*. Verenigde Koninkryk: John Hunt Publishing Ltd.